13 SEPT - 19 SEPT 2020

Huisgeloof

ONS WIL JOU NOOI OM BY DIE HUIS EN IN KLEINGROEPE VERDER OOR VANOGGEND SE TEMA TE GESELS. ALLE OUDERDOMME GESELS SAAM OOR DIE WEEK SE TEKS EN TEMA. DRUK DIE GESPREKSBLAD UIT EN PLAK DIT OP WAAR JULLE EET. BESPREEK ELKE AAND EEN OF AL DIE VRAE EN BID GEREELD SAAM.

TEKSGEDEELTES VIR DIE WEEK:

Fokusteks: Gen. 37 vv 1 - 4

Ander Tekste: Gen 37 vv23 - 34; Gen 39:2

DINK SAAM

1. Wat beteken dit as ons sê - iemand is gestroop van iets?
2. Deel met mekaar 'n ervaring of storie waar jy gestroop was van iets?

SOEK SAAM

Almal gaan haal een ding in die huis wat jy tans nie sonder kan gaan nie.
Bring dit dan terug na die plek waar jule die huisgeloof gesprek het en verduidelik hoekom is die item belangrik vir jou.

DROOM SAAM

Ek wonder...
...hoe het Josef gevoel toe hy alles verloor het?
...hoe was dit ook vir Josef positief om "gestroop te word?"
...wat het Josef van God geleer in hierdie tyd?

DOEN SAAM

Plaas daardie Item wat jy in die "soek saam" oefening geidentifeer het op die tafel. Ruil dit nou na lings en probeer om 'n week of 'n dag sonder daardie item te gaan. Laat daardie persoon wat nou die item het, dit bewaar en jou ondersteun deur die week.

Gesels nou na die week of dag saam oor wat jy beleef het nadat jy gestroop was van hierdie Item

BID SAAM

Here, alles wat ons het en wat ons is, is net genade. Help ons om elke dag opnuut bewus te wees van U genade. Dankie dat U ons nooit alleen laat nie. Amen

HIERDIE WEEK GAAN ONS:

- [ ] Elke aand saam Bybel lees
- [ ] Iemand kontak wat ons weet alleen is
- [ ] Saam aan tafel eet
- [ ] Deel hoe ons regtig voel en waaraan ons dink
- [ ] Sondagoggend se erediens saam kyk
- [ ] Saam iets buite doen (stap, braai, draf)
- [ ] Die Huisgeloof aktiwiteit doen
- [ ]

Hoe voel ons die week?